Aan die gemeentes van die NG Kerk in Afrika (NGKA), Reformed Church in Africa (RCA) en die NG Kerk (NGK)

21 Januarie 2010

Geagte broers en susters,

Verteenwoordigers van die Moderature van hierdie drie Kerke het op 20 Januarie 2010 in Kemptonpark vergader om die eenheidsproses in die NGK-familie verder te bespreek. Die vergadering volg op ’n soortgelyke vergadering wat in 2009 in Bloemfontein gehou is.

Die vierde lid van die NGK-familie in Suid-Afrika, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika (VGKSA), het ’n moratorium geplaas op eenheidsgesprekke met die NGKA, die RCA en die NGK. Hulle is ook genooi om die vergadering as waarnemers by te woon, maar het dit nie aanvaar nie. Die VGKSA se besluite maak dit moontlik vir die drie genoemde kerke om met die proses te kan aangaan.

Die fasilitering deur die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) het tot dusver die NGKA en die RCA uitgesluit, omdat die VGKSA hulle op die oomblik nie as deel van die proses wil hê nie. Die fasiliteerder van die WBGK vir eenheidsgesprekke in die NGK-familie is volledig ingelig oor die huidige gesprekke tussen die NGKA, NGK en RCA. Die sinodes van al drie hierdie Kerke is daarvan oortuig dat eenheid al vier Kerke moet insluit en daarom is daar op 20 Januarie op ’n proses besluit wat die deur vir die VGKSA oophou.

As eerste stap het die verteenwoordigers van die NGKA, NGK en die RCA besluit om ’n Raadplegende Kerkvergadering (Consultative Assembly) wat oor die verdere detail van kerkeenheid besin, by hulle kerke aan te beveel. Hierdie vergadering word vir 28-30 April 2010 beplan. Daar is ook besluit dat 20 afgevaardigdes van elkeen van die drie kerke die vergadering moet vorm. Die VGKSA sal ook genooi word, maar as hulle dit nie aanvaar nie, sal hulle saam met ander gereformeerde kerke in Suid-Afrika en die WBGK genooi word om waarnemers as adviseurs na die vergadering te stuur.

Die besluite van die Raadplegende Kerkvergadering sal as adviese aan die besluitnemende vergaderings van die betrokke kerke voorgelê word. Die hoop is dat die kerke van die NGK-familie, en meer, uiteindelik by die eenheidproses sal inkoop.

As die voorsitters of moderators van die moderamens of algemene sinodale kommssies van die NGKA, NGK en RCA doen ons ’n oproep om begrip en voorbidding vir hierdie eenheidsproses wat stadig en moeisaam vorder. Ons glo egter dat ons God gehoorsaam as ons hierdie pad loop.

Dr David Keeta (NGKA), Prof Piet Strauss (NGK) en ds Bennet Shunmugam (RCA)
Pretoria
21 Januarie 2010